NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 29 MAART 2018 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)
Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Fortuin, C B (DA)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Mfutwana, L E (EFF)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester mede-raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys, open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Maart verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle B J Penxa, B J Stanley en N S Zatu.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Die Speaker doen 'n beroep op die hoofswepe van die onderskeie politieke partye om raadslede te versoek om slegs onder onvoorsiene omstandighede verskoning aan te bied vir die nie-bywoning van vergaderings van die onderskeie komitees van die raad.

Die Speaker noem dat dit té dikwels gebeur dat onnodig verskoning aangebied word, en dat raadslede daardeur versuim om hul pligte na te kom, ook teenoor die belastingbetalers van Swartland Munisipaliteit.

Op navraag van rdl D B Philander, word ingevolge paragraaf 11(6)(a) van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings bevestig dat kennisgewings en sakelyste van vergaderings ten minste 48 uur vooraf aan elke raadslid voorsien

3./...

moet word. Daar word kennis geneem van rdl D B Philander se versoek dat wanneer die omvang van dokumente – in hierdie geval die konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en konsep Begroting – van so 'n aard is dat dit 'n deeglike bestudering van die dokumente vereis, die sakelys vroeër uitgegee moet word.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 31 JANUARIE 2018

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 31 Januarie 2018 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 24 JANUARIE 2018

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 14 FEBRUARIE 2018, saamgelees met

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU 7 FEBRUARIE 2018

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoedgheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU 5 DESEMBER 2017

6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU 6 DESEMBER 2017

6.3 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU 15 DESEMBER 2017

6.4 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU 25 JANUARIE 2018

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 AANVAARDING VAN DIE OORSIGVERSLAG OP DIE 2016/2017 JAARVERSLAG (7/1/1/1)

Die Konsep Jaarverslag vir die 2016/2017 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 op 31 Januarie 2018 aan die Raad voorgelê, waarna die Jaarverslag vir kommentaar deur die publiek en betrokke staatsorgane ter insae beskikbaar gestel is.

Die Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) het op 7 Maart 2018 vergader om die 2016/2017 Jaarverslag te oorweeg, en 'n oorsigverslag (gesirkuleer met die sakelys) op te stel vir voorlegging aan die Raad.

Rdl F S Humphreys noem, namens die ANC, dat ten spyte van die gunstige finansiële posisie van Swartland Munisipaliteit, daar gebrekkige dienslewering aan die armste van die armes is, en dat die ANC hul nie daarmee kan vereenselwig nie. Rdl Humphreys verwys

7.1/...

ook na die gebrekkige brandweerdienste in sommige dorpe waaraan nie aandag gegee word nie, sowel as die instel van ‘n waterboete van R2000,00 wat – na bewering – nie deur die Raad goedgekeur was nie.

Rdl D B Philander beklemtoon enkele aspekte uit die oorsigverslag, onder andere, (1) dat voorheen bevoordeelde gebiede (met verwysing na die aantal inwoners in Yzerfontein en die wit Broederbondlede van Yzerfontein wat verlede jaar die begrotingsvergadering bygewoon het) nogsteeds voordeel trek uit programme van die Raad, ten koste van dienslewering aan die armste van die armes waarvoor niks gedoen word nie, (2) dat gelyke indiensneming aandag moet geniet en (3) dat Swartland Munisipaliteit nie korrupsie vry is nie.

Rdl D B Philander versoek dat daar maniere gevind sal moet word dat die Raad ‘n veelparty-demokrasie raak, en nie deur een party en ‘n DA-burgemeester gedikteer word nie.

‘n Bespreking volg aangaande die opmerking deur rdl Philander, waartydens die Speaker rdl Philander berispe dat geen rassistiese laster in die raadsaal geduld sal word nie. Rdl Philander noem dat sy verwysing sinspeel op gelyke beregtiging en nie rassisties van aard is nie.

Rdl O M Stemele noem dat as dit rdl Philander se doelwit is om ‘n veelparty-demokrasie te bevorder en om ‘n bydrae op die Raad te lewer met die doel om die lewensgehalte van voorheen benadeelde inwoners te verbeter, rdl Philander dan van die geleenthede – soos voorheen versoek – gebruik maak om skriftelike kommentaar in te dien om hierdie doelwitte te bereik, aangesien nie hy of sy party enige skriftelike insette gelewer het nie.

Rdl C B Fortuin, as voorsitter van die Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) lê die oorsigverslag aan die Raad voor vir beslissing deur die Raad waarop dit (in die afwesigheid van drie raadslede) met 15 raadslede ten gunste daarvan, en vyf raadslede wat buite stemming bly, beslis word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl V D McQuire)

(a) Dat die Raad, gegewe hy die 2016/2017 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur;

(b) Dat die 2016/2017 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;

(c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering voorgelê word, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;

(d) Dat die 2016/2017 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA.

7.2 HERSIENING VAN DIE 2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) is die Munisipaliteit se hoof strategiese plan wat handel met die mees kritiese ontwikkelingsbehoeftes van die munisipale gebied (eksterne fokus), sowel as die mees kritiese regeringsbehoeftes van die organisasie (interne fokus).

Artikel 34(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 bepaal dat ’n munisipale raad sy GOP jaarliks moet hersien. Die hersiene GOP dien as basis vir die 2018/2019 jaarlikse begroting, die SDBIP en die prestasieplanne van die onderskeie direktorate.

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester om die GOP aan die Raad voor te hou.

7.2/...

Die Munisipale Bestuurder noem dat die punte geopper deur rdl Philander, nadat die Uitvoerende Burgemeester deeglik daarop repliek gelewer het, na die bestuurspan verwys sal word om ondersoek in te stel of dit in die GOP opgeneem sal kan word.

Die Speaker doen egter 'n beroep dat enige inset op die GOP skriftelik gedurende die publieke deelnameproses aan die Munisipale Bestuurder gerig moet word.

Die aanbeveling voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring en (in die afwesigheid van drie raadslede) beslis met 15 stemme ten gunste, en vyf raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat die hersiening van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die hersiening van die areaplanne as konsepplanne goedgekeur word, waarna 'n verdere konsultasie- en verfyningsproses gedurende April 2018 gevolg sal word.

7.3 2018/2019, 2019/2020 EN 2020/2021 KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING VIR DOELEINDES VAN PUBLIEKE DEELNAME (5/1/1/1, 5/1/1/2)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen hou die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2018/2019, 2019/2020 en 2020/2021 finansiële jare aan die Raad voor soos oorweeg tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Maart 2018.

Nadat hoogtepunte uit die begroting deur die Uitvoerende Burgemeester voorgehou is, word die volgende algemene aanbevelings ter tafel gelê:

- Aanbring van verdere spoedwalle;
- Bou van speelplekke vir kinders met spesiale verwysing na laekoste-behuisingsgebiede;
- Beleidsaanpassings om aanbring van elektroniese waterbeheermeganismes afdwingbaar te maak;
- 'n Vergroeningsprojek vir die Swartland oor die volgende vier jaar –
    - in alle wyke met befondsing uit die wykstoekennings;
    - opvoeding aan gemeenskap om rommelstrooi te bekamp of te voorkom moet deelgemaak word van vergroeningsprojek;
    - aanplant van 'n groot aantal bome, in oorleg met gemeenskap oor waar dit aangeplant moet word.

Op navraag van rdl D B Philander aangaande die oorname van waterbates vanaf die Weskus Disktrikmunisipaliteit, noem die Direkteur: Finansiële Dienste dat die oorname geskied vir doeleindes van die korrekte te boekstelling in Swartland Munisipaliteit se finansiële rekords ingevolge die Rekenkundige Raamwerk en gepaardgaande GRAP-standaarde. Die oorname geskied tussen die betrokke B-munisipaliteite gebaseer op 'n funksionele verdeling. Die Direkteur: Finansiële Dienste sal tydens die volgende raadsvergadering verdere inligting ter opheldering van hierdie aspek aan raadslede beskikbaar stel.

Die aanbevelings voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring (in die afwesigheid van drie raadslede) en word beslis met 15 raadslede ten gunste, en vyf raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT (soos aanbeveel deur die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Maart 2018)
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

(a) Dat die konsep meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2018/2019 tot 2020/2021 finansiële jare goedgekeur word in ooreenstemming met artikel 16 and 17 van die MFMA om publieke deelname toe te laat;

7.3/…

	Oorspronklike Begroting 2017/2018	Aansuiwerings begroting 2017/2018	Oorspronklike Begroting 2018/2019	Oorspronklike Begroting 2019/2020	Oorspronklike Begroting 2020/2021
Kapitaalbegroting	R 81 242 586	R 100 373 122	R 88 145 909	R 103 844 038	R 116 774 860
Bedryfsuitgawes	R 664 697 875	R 668 442 676	R 702 594 158	R 697 123 172	R 735 308 748
Bedryfsinkomste	R 695 180694	R 730 552 229	R 747 705 036	R 792 475 517	R 831 670 644
Begrote (Surplus)/ Tekort	(R 30 482 818)	(R 62 109 553)	(R 45 110 877)	(R 95 352 346)	(R96 361 895)
Minus Kapitaal Toekennings	R 35 075 916	R 50 690 842	R 38 475 000	R 48 561 000	R 35 685 000
(Surplus)/ Tekort	(R 4 593 098)	(R 11 418 711)	(R 6 635 877)	(R 46 791 346)	(R 60 676 895)

Nota: Die 2019/2020 and 2020/2021 Inkomstebegroting sluit Provinsiale toekennings in waarvoor nog geen uitgawe projekte gefinaliseer is nie. (**2019/2020** sluit in R17 480 miljoen Dep Nedersettings befondsing en R19 000 miljoen van Dep Vervoer; **2020/2021** sluit in R31 800 miljoen Dep Nedersettings befondsing)

(b) Dat die Raad die voorgestelde konsep elektrisiteitstariewe vir die 2018/2019 finansiële jaar goedkeur, met inagneming daarvan dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA en moontlike veranderinge;

(c) Dat die konsep eiendomsbelastingstariewe, tariefstrukture en heffings vir water, elektrisiteit, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **Aanhangsel A** goedgekeur word met die doel om publieke deelname toe te laat;

(d) Dat die konsep jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit in die tabelle in **Aanhangsel B**, goedgekeur word;

(e) Dat die konsep begrotingsverwante beleide soos vervat in **Aanhangsel C**, goedgekeur word met die doel om publieke deelname toe te laat;

(f) Dat vir die doeleindes van die afslag aan gestremde persone en senior burgers soos omskryf word in die Eiendomsbelastingbeleid, die afslag beperk word tot 'n maksimum van R300 000 vir die 2019/2020 finansiële jaar.

(g) Dat die Raad kennis neem van die Konsep "*Cost Containment Regulations"* in **Aanhangsel D** wat deur Nasionale Tesourie gepubliseer is vir kommentaar;

(h) Dat die Raad in beginsel goedkeuring gee en kennis neem van die oorname van die waterbates vanaf die Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM) gebaseer op 'n funksionele verdeling (waarde van bates word tans gefinaliseer) en eksterne lenings van die WKDM wat gekoppel is aan die voorgenome ter waarde van sowat R24,4 miljoen, waarvan die lenings se vereffeningsdatums vanaf 30 Junie 2020 tot 31 Desember 2022 is. Dat die rente gedeeltes reeds in die konsepbegroting oor die MTREF geïnkorporeer is sonder enige impak op watertariewe of heffings binne of buite die MTREF wat dieselfde was en wat tans in Swartland Munisipaliteit se grootmaatwaterheffings van die WKDM ingesluit is en nie deel sal vorm daarvan met effek vanaf 1 Julie 2018. Dat die oorname van die waterbates vanaf die WKDM deel vorm van die publieke deelnameproses, ondanks die feit dat geen nuwe lenings opgeneem sal word met die oordrag van hierdie bates nie;

(i) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse, die pogings om die totale verhoging in uitgawes tot slegs 5.1% (ingesluit bedryfstoekenning uitgawes) vanaf die huidige tot die nuwe finansiële jaar te beperk, groei in inkomste van slegs 2.3% in hierdie moeilike ekonomiese omstandighede vir dieselfde periode, sowel as die kontantvloei-staat vir die huidige sowel as die volgende drie finansiële jare en meer spesifiek die vordering in hierdie verband:

7.3(i)/…

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **6.7 maande** vir 2018/2019; **6.9 maande** vir 2019/2020 en **6.8 maande** vir 2020/2021;

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so ‘n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2018/2019 ‘n bedrag van **R45 110 877**; 2019/2020 ‘n bedrag van **R95 352 346** en 2020/2021 ‘n bedrag van **R96 361 895 (kapitale toekennings ingesluit)**;

(j) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(k) Dat die Raad kennis neem dat die begroting ook opgestel is in die mSCOA formaat soos vereis deur Nasionale Tesourie;

(l) Dat die Raad kennis neem dat die sperdatum vir kommentaar/insette op die begroting, tariewe en beleide op 3 Mei 2018 teen 12:00 sluit;

(m) Dat kennis geneem word dat laasgenoemde datum dus ook die datum in die prosesplan wysig.

7.4 VOORLEGGING VAN ‘N VOORLOPIGE 2018/2019 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die 2018/2019 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) word deur die Uitvoerende Burgemeester aan die Raad voorgehou.

Artikel 53 van die MFMA bepaal dat die SDBIP deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur moet word binne 28 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting in Mei. Nieteenstaande voormelde wetlike vereiste, is ‘n versoek vanaf die Provinsiale Tesourie ontvang om ‘n konsep SDBIP reeds in Maart saam met die begrotingsdokumente aan die Raad voor te lê om ‘n meer sinvolle beoordeling van die begroting te verseker.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

(a) Dat die aangehegte 2018/2019 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) as ‘n voorlopige dokument goedgekeur word vir die doeleindes van beoordeling van die begroting deur Nasionale en Provinsiale Tesourie’

(b) Dat die gewysigde KPI's en teikens ten opsigte van die Munisipale Bestuurder en direkteure, soos vervat in die SDBIP, as konsep goedgekeur word vir die doeleindes van advertering gedurende April 2018.

7.5 WYSIGING VAN VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Die Raad het, uit hoofde van artikel 111 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003, ‘n Voorsieningkanaalbestuursbeleid aanvaar wat op 1 Januarie 2006 in werking getree het. Die beleid moet jaarliks hersien word en, indien nodig, gewysig word.

Die wysigings wat deur die MFMA-omsendbriewe te weeg gebring word is volledig in die verslag tot die sakelys bespreek, en derhalwe is die gewysigde Voorsieningkanaal-bestuurbeleid met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat die aangehegte MFMA Omsendbrief Nr. 90 “Tax Compliance Status” met onmiddellikke effek aanvaar word;

(b) Dat die voorgestelde wysigings aan die Voorsieningkanaalbestuursbeleid dienooreenkomstig met onmiddellike effek goedgekeur word.

7.6 SWARTLAND KONSEP PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSTRATEGIE (2/1/4/4/1)

Die Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingstrategie van 2015 is ter hersiening daarvan met die nuwe statistieke bygewerk, en is die strategie ook belyn met die 2017-2022 GOP.

Die hersiende strategie is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

(a) Dat die Swartland Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingstrategie, soos gewysig, (aangeheg as **Aanhangsel A**) goedgekeur en daarna vir publieke kommentaar en insette geadverteer word;

(b) Dat die finale Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingstrategie by die raadsvergadering van 30 Mei 2018 voorgelê word.

7.7 WYSIGING: 2018 VERGADERINGSKEDULE

Die vergaderingskedule is op ’n raadsvergadering gehou op 26 Oktober 2017 goedgekeur.

Die verslag tot die sakelys bevat ’n volledige verduideliking van die redes vir die gewysigde datums wat ten doel het om die betrokke komitees van die Raad meer effektief te laat funksioneer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl D B Philander)

(a) Dat kennis geneem word dat die Raadsvergadering in Mei vervroeg word na Woensdag, 30 Mei 2018 om 15:00;

(b) Dat die voorgestelde wysigings aan vergaderingskedule met ingang van Julie 2018 aanvaar word;

(c) Dat die datums vir publieke insae in die plaaslike media gepubliseer word, asook op die munisipale webtuiste;

(d) Dat elke raadslid van die finale skedule voorsien word, sowel as die Weskus Distriksmunisipaliteit, Departement Plaaslike Regering en SALGA vir beplanningsdoeleindes.

7.8 GOEDKEURING VAN DIE 2017/2018 TWEEDE AANSUIWERINGSKAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2017/18)

Die tweede aansuiweringsbegroting word genoodsaak deur die ontvang van addisionele befondsing vanaf die Departement van Plaaslike Regering en die Nasionale Tesourie na afloop van die goedkeuring van die aansuiweringsbegroting in Januarie 2018.

Hierdie fondse is eers deur die afkondiging daarvan in onderskeidelik die Buitengewone Provinsiale Koerant gedateer 5 Maart 2018 en Staatskoerant gedateer 23 Maart 2018 bevestig.

Die aangeleentheid word deur die Speaker tot stemming gebring en (in die afwesigheid van drie raadslede) beslis met 15 raadslede ten gunste, en vyf raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat kennis geneem word dat die wysigings aan die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2017/2018 finansiële jaar nie, maar wel lei tot ‘n verhoging in die begrote surplus vanaf R62 109 553 na ‘n begrote surplus van R72 809 553;

7.8/...

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die addisionele befondsing wat ontvang is vanaf Departement van Plaaslike Regering en Nasionale Tesourie;

(c) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word sowel as die regstellings van die verskille wat tydens die verifikasieproses van die oorspronklike en jaarlikse aansuiweringsbegrotingskedules geïdentifiseer is **(Aanhangsel C)**;

(d) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(e) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word;

(f) Dat kennis geneem word dat die begroting ook opgestel is in die mSCOA formaat soos vereis deur Nasionale Tesourie;

(g) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak Kapitaal- en Bedryfsbegroting vir 2017/2018 as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting 2017/2018	**Jaarlikse Aansuiwerings-begroting 2017/2018**	**Tweede Aansuiwerings-begroting 2017/2018**
Kapitaalbegroting	R 81 242 586	R 100 373 122	R110 073 122
Bedryfsuitgawe	R 664 697 875	R 668 442 676	R 668 442 676
Bedryfsinkomste	R 695 180 693	R 730 552 229	R741 252 229
Begrote Surplus/ (Tekort)	R 30 482 818	R 62 109 553	R72 809 553
Kapitaal Toekennings	R 35 075 916	R 50 690 842	R61 390 842
Surplus/(Tekort)	(R 4 593 098)	R 11 418 711	R 11 418 711

GETEKEN:
SPEAKER